

So blou soos die berge



Hekel hierdie blou kombers vir 'n piekniek in die kloof, by die see of sommer in die tuin. Deur Riana van der Merwe

Die patroon is taamlik maklik.
Koste: Sowat R140

MATE

Een vierkant meet sowat 15 x 15 cm.
Ons kombers bestaan uit 7 x 7 vierkante, wat saam met die rand sowat 140 x 140 cm meet.

BENODIGDHEDE


Fiesta Pullskein DK (100 g-uittrek-stringe); hoeveelheid hang van grootte van kombers af: vir ons kombers het ons 5 stringe elk wit (W), ligblou (L), 4 stringe hemelsblou (H), en 6 stringe donkerblou (D) gebruik; hekelpen van 3,50 mm, of om by jou werk te pas.

AFKORTINGS

beg – begin
dies – dieselfde
gs – glipsteek
herh – herhaal
ks – kettingsteek
kb – kortbeen
lb – langbeen
p – picot, 3ks, 1gs in 1e ks
slgs – sluitglipsteek, in 1e st van rondte om rande te sluit
sp(s) – spasie(s)
st(e) – steek(steke)
vlg – volgende

AANWYSINGS

Met W, begin met 8ks, slgs om ring te vorm.
1e rondte: Met W, 3ks (vir 1e lb), 2lb in ring, 2ks; (3lb, 2ks) 3 keer, slgs – 4 sps. Knip W af.
2e rondte: Met L, (3ks, 2lb, 2ks, 3lb) in hoek-sp, 2ks, [(3lb, 2ks, 3lb) in hoek-sp, 2ks] 3 keer, slgs. Knip L af.
3e rondte: Met H, beg met 3ks (vir 1e lb) in hoek-sp, 2lb, 2ks, 3lb in dies sp; 2ks, 3lb in vlg sp, 2ks; [(3lb, 2ks, 3lb) in hoek-sp, 2ks, 3lb in vlg sp, 2ks] 3 keer, slgs. Knip H af.
4e rondte: Met W, 3ks in 1e lb van hoek; 2lb in vlg 2lb; (2lb, 2ks, 2lb) in hoek-sp, (3lb in 3lb, 2lb in sp) 2 keer; [3lb in vlg 3lb, (2lb,



1. Hekel 8 kettingsteke, sluit glipsteek in 1e steek van rondte om ring te vorm; 3 kettingsteke vorm 1e 'langbeentjie'. * Volgende langbeentjie: slaan draad 1 maal

om pen, steek pen deur ring en trek lus deur ring. Daar is nou 3 lusse om hekelpen. slaan draad om pen en trek deur 1e 2 lusse.
2. Daar's nou nog 2 lusse

op jou hekelpen. Haak draad en trek deur dié 2 lusse.
3. Herhaal van * tot verlangde aantal langbeentjies.

2ks, 2lb) in hoek-sp, (3lb in 3lb, 2lb in sp) 2 keer, 3lb in vlg 3lb] 3 keer, slgs – daar is dan 17lb in elke sykant. Knip W af.
5e rondte: Heg L vas bokant eerste 3ks van vorige rondte: 3ks vir 1e lb, 4lb in vlg 4lb, *(2lb, 2ks, 2lb) in hoek; 1lb in elke lb tot vlg hoek*; herh rondom, slgs – 21lb in elke sykant en knip L af.
6e rondte: Heg H vas bokant 3ks van vorige rondte en gaan te werk soos vir 5e rondte, maar met 25lb in elke sykant. Knip H af.
7e rondte: Heg D vas en hekel soos 5e rondte, maar met 29lb in elke sykant. Knip D af en werk alle draadjies deeglik vas om te voorkom dat werk lostrek. Hekel nog 48 sulke vierkante.

AFWERKING

Plaas vierkante in 7 rye van 7 elk en werk dit só vas:

Heg D aan 'n 2lb-groep ná hoek-sp vas; 3ks vir 1e lb, 2ks, slaan 2 ste oor; *1lb in vlg lb, 2ks, slaan 2 ste oor; herh van * tot vlg hoek, (1lb, 3ks, 1lb) in hoek-sp; herh vanaf * rondom, eindig met 2ks, slgs.
2e rondte: gs tot in eerste 2ks-sp; 3ks, 1lb in sp, *2lb in elke sp tot vlg hoek, (2lb, 2ks, 2lb) in hoek-sp; herh rondom, slgs.
3e rondte: gs oor 1e lb; 1kb tussen 1e en 2e lb, 3ks, slaan 3 ste oor, (2lb, 1p, 2lb) tussen 2lb, 3ks, slaan 3 ste oor; herh vanaf * rondom met (2lb, 1p, 2lb) in elke hoek-sp – slaan dus telkens 3 ste oor tussen elke kb en daaropvlg lb- en picotgroep. Knip D af en werk netjies af.

foto Willem de Lange; ontwerp Marie Marais; hekelwerk deur leerlinge van Jannie Brink Skool, Kimberley; sketse Wendy Brittnel